Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

SONKANT

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Ek ken die kortpad na jou huis toe
Ek soek die sonkant op - ek's tuis daar
Maak my tuis aan die sonkant
Want ek weet jy is daar

Ek kies die lang pad na jou hart
Ek staan maar heel versigtig nader
Maak my tuis aan die sonkant
Want ek weet jy is daar
Ek weet jy sal daar wees

Jou huis was toegesluit
Mure oral rondom
Jou hart was onbereikbaar
En jou voordeur afgekordon

Nou's ek baie welkom
So sê die matjie by jou voordeur duidelik…

Vat die kortpad na my hart – toe!
Jy ken my slot se kombinasie
Maak jou tuis aan die sonkant
En wag vir my daar
Wag vir my daar
Wag vir my
Wag vir my